

Die Fontein

Vrede op aarde

Geloftedag

Vrede op aarde en oorlog?

Kerstyd – Blydschap of hartseer?





DIE MAAND IN DIE FONTEIN

DESEMBER 2025

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking: Ons innerlike vrede en vreugde kom van God

03 Vrede op aarde!

05 Vrede in aarde en oorlog?

07 Kerstyd – Blydschap of hartseer?

08 Geloftedag

09 Gebedsversoeke

Gemeentenuus

10 Só beleef ons weer die Kersgebeure

11 'n Nuwe Jaar: Geloofsgroei!

12 Kerklike vergaderings van die GKSA

13 Ouderlinge/Katkisasie-afsluiting

14 Spaarblikkieprojek vir evangelisasie

Nog Gemeentenuus

15 Ons nuwe redakteur!

16 Kerkfinansies

17 Diaconie: Kongres

Rubrieke

18 Kollig: Twee kommissies

19 Dit Borrel in my!

20 Blokraai

21 Het jy geweet?/Briewekolom

22 Diere en voëls van die Bybel

23 Tienerfokus

Kinderhoekie

24 Kortverhaal

25 Kleuterpret

26 Jongmensjolyt

Advertensies

27 Blokadvertensies

Teks vir die maand: “En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”

Filippense 4:7

Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

Desember het weer aangebreek en vir baie van ons lidmate is dit 'n vakansiem maand. Indien jy ook een van hulle is wat weggaan met vakansie, wens ons jou 'n mooi tyd toe saam met jou geliefdes en dat julle veilig sal reis en weer behoue sal terugkom. Desember is ook die maand waarin ons Kersfees vier. Hierdie fees word in baie lande op verskillende maniere gevier. Baie mense assosieer Kersfees met 'n kersboom, kersvader, slee en takbokke, klingelklokke, kerskous, ens. Maar ons, as Christene – hoe behoort ons Kersfees te vier? Sommiges sal antwoord: “Ons herdenk die geboorte van ons Here Jesus Christus”. Dit is waar ja, maar die fees behoort 'n veel dieper betekenis te hê. Ons wil graag God se volle geskenk aan ons herdenk. Dit is die herstelde verhouding met Hom wat nie net Jesus se geboorte nie, maar ook sy lyding, kruisdood, opstanding en beloofde wederkoms insluit. Dus is ons tema **“Vrede op aarde”** omdat hierdie volle geskenk van God vir ons vrede bewerkstellig het.

Die wêreldheersers praat ook dikwels van “vrede”. Vir hulle beteken dit dat lande nie in konflik met mekaar is nie – d.w.s. die teenoorgestelde van oorlog. Vir die gelowige beteken “vrede” egter dat hy/sy versoening gevind het met God deur die soenoffer van Jesus Christus. Ironies dus dat 'n gelowige nog steeds hierdie “vrede” kan ervaar al is die land in 'n staat van oorlog of al ly die gelowige onder 'n vlag van geweld.



Ek vertrou dat jy hierdie maand se artikels wat verband hou met “Vrede Op aarde” sal geniet. Benewens die tema-artikel word die oorlog tussen Israel en die militante Palestynse groepe onder leiding van Hamas ook van nader beskou. 'n Land waar Jesus gebore is in 'n staat van oorlog – vrede op aarde? Dan is daar ook 'n artikel oor die spanning in sommige huise oor die kerstyd wanneer familie met mekaar begin twis. Of die verlange oor hierdie tyd wanneer sommige eensame mense Kersfees alleen moet deurbring. Hoe klop dit met vrede op aarde?

Gedurende Desember gedenk ons ook die gelofte wat ons voorouers gemaak het toe hulle in nood was en God hulle op 'n wonderbaarlike manier uit die hand van die vyand gered het. Daar is dan ook 'n artikel wat vir ons aandui hoe ons versoenend na hierdie gedenk dag behoort te kyk.

Geniet hierdie maand se Fontein en vul asseblief die blokkiesraaisel in. Doen dan asseblief die moeite om julle antwoorde in te stuur. Ons plaas volgende keer graag almal se name wat die raaisel korrek ingevul het. Daar sal 'n paar gedrukte kopieë van die blokkiesraaisel asook die kinders se inkleurvelle beskikbaar wees op die kennisgewingbord. Verder sal ons graag 'n briefie wil ontvang met 'n standpunt oor 'n saak, of 'n getuienis vir die rubriek “Dit borrel in my” of bloot net terugvoer oor die blad.

Woordoordenking: Ons innerlike vrede en vreugde kom van God

Ds. Christie Roets

Die engele het met Jesus se geboorte gesing **“Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ’n welbehag het!”** (Luk. 2: 14). Maar wat is hierdie vrede wat God op aarde laat kom het?

Ons weet duidelik wat dit nie is nie. Dis nie vrede tussen nasies en mense onderling nie. Dis ook nie net ’n belofte vir eendag op die nuwe aarde nie. Dis ook meer as net ’n gevoel van tevredenheid en geluksaligheid a.g.v. die goed-voel-hormone (serotonien, endorfiene, oksitosien en dopamien) wat ons brein afskei en ons gelukkig en lekker laat voel! Dis iets anders as ’n emosionele “high” wat gou weer verdwyn.

Die vrede wat God aan die aarde gegee het was in werklikheid iemand; Jesus Christus, die Vredevoers, die Koning van die ewige vrederyk. Hy het die vrede tussen sondaars en God die Vader kom bewerk met sy versoeningsoffer. Wie dus in Hom glo as hul Verlosser en Saligmaker, ontvang sy Gees wat ons vasbind aan God. God se vrede vloei dan in jou in soos die lewensap van die wingerdstok in die lote invloei. Die Here vervul sy kind met vreugde en vrede deur die geloof en dit maak ons hoop op God al sterker deur die krag van die Heilige Gees. (Rom. 15: 13)

Verder sê Jesus: **“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee ek vir julle.”** (Joh. 14: 27). Hy verwys hier na die Heilige Gees wat die ware geloof in ons harte wek en versterk. Hy skenk dan aan jou en my hierdie sekere wete dat daar danksy Christus, vrede in God se hart oor ons is.

“Die vrede wat God aan die aarde gegee het was in werklikheid iemand; Jesus Christus, die Vredevoers, die Koning van die ewige vrederyk.”

Ons is in Christus vergeefde kinders van God. Hy help ons om dit van harte te glo en dit wek ’n diepe vreugde en dankbaarheid in ons gemoed. Jy ontvang innerlike vrede as ’n geskenk van God. Hierdie vrede is een van die vrugte van die Gees. (Gal. 5: 22). Christene dra en vertoon hierdie vredesvrug.

Dus, Christus se vrede wat aarde toe gekom het, is net in Christene se harte en word gesien en gehoor in die ware gelowiges se woorde en daade. Ons vier elke jaar met Kersfees die koms van Christus wat goddelike vrede kom bewerk het en uit genade alleen, vrede aan ons skenk. Ons Kersfeesvreugde is nie net oor sy koms en die versoeningsoffer nie. Dis veral ook oor die geloof en diepe innerlike vrede wat Hy gebring het, bewerk het en uitdeel aan sy kerk.

Ons moet hierdie vrede van God **“wat alle verstand te bowe gaan”** (vgl. Filip. 4: 7), bewaar. Moenie toelaat dat jou vrede gesteel word deur allerhande slegte nuus, sonde, vrese en probleme nie.

Die innerlike vrede wat ons in ons harte ontvang is juis nie afhanklik van uiterlike voorspoed nie. **“Selfs al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie ... nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my Redder.”** (Hab. 3: 17ev.)

Die vredesgeskenk maak van ons vredemakers wat blymoedig die Here dien terwyl ons met groot verwagting uitsien na die volmaakte vredestryd wat ons op die nuwe aarde gaan beleef.

Vrede op aarde

Ds. Pieter Kurpershoek

Die veld rondom Betlehem is stil. Die skape lê stil en slaap. Die herders is ook rustig. Hul vuurtjie knetter. Alles voel so kalm en vredevol.

Maar is alles so vredevol?

Beslis nie! Want ...

- ✦ Die een herder moet voortdurend in die donker instaar om seker te maak 'n wolf gaan nie een van die skape verskeur nie.
- ✦ 'n Ander herder begin al hoe meer sukkel met sy lyf wat séér is: Die kanker groei in hom sonder dat hy dit regtig besef, maar hy voél dit!
- ✦ Nog 'n herder se hart is stukkend soos hy hier in die veld sit: Sy vrou het sy vertrouwe geskend en met die buurman weggestap.
- ✦ 'n Vierde herder worstel met die jaloesie wat hom oorheers: Hoekom kan hy nie ook so gelukkig soos die "hogere" mense wees nie?

Die herders én die wêreld waarin die herders leef, is stukkend, gebroke, vol sonde. Dis so anders as wat vrede bedoel.

"Die herders én die wêreld waarin die herders leef, is stukkend, gebroke, vol sonde. Dis so anders as wat vrede bedoel."

Want ... vrede beteken:

Alles is weer heel. Alles is weer soos die Here dit oorspronklik bedoel het.

- ✦ Sonde vernietig nie meer mense self en die verhoudinge waarin hulle leef nie.
- ✦ Siekte verwoes nie meer mense se liggame nie.
- ✦ Verslawings oorheers nie meer mense se denke en gevoelens en hande en voete nie.

Vrede sê:

Die Here hét vergewe en herstel en bevry!

Maar die Kersnag daar in die sogenaamde vredevolle veld is daar nog nie vrede nie. Totdat ... totdat die herders skielik hierdie lig om hulle ervaar:

Hy wat Lig is, God sêlf, is by hulle!

Die herders hoor en sien die engele om hulle: Hulle kry die goeie nuus van die Here af:

Die Here gaan by julle wees.

Die Here gaan nie kwaad en moeilik en vol woede wees nie.

Inteendeel, die Here kom in sy genadige liefde na julle toe.

Vrede op aarde (vervolg)

Hoe weet hulle dit?

Hulle kan Betlehem toe gaan. Daar gaan hulle 'n Babatjie in 'n voerbak kry. Hierdie Babatjie se naam gaan Jesus wees, want dit is Hy wat sy volk van hul sondes kom verlos. Hierdie Babatjie kom red jou en my van die dood. Hy kom betaal vir jou skuld wat jy met jou sonde opgebou het. Hy kom herstel my verhouding met die enige Here. Hy kom maak heel wat hier stukkend is. Hy kom bevry elkeen wat vasgevang is. Hy kom bewerk en gee ... Vrede!

En ja, hierdie Babatjie lê nou in 'n krip. Dis baie ver verwyderd van sy Koninklike troon langs sy Vader, ons enige Here! Maar Hy het Homself verneder. En Hy gaan nog verder 'n pad van vernedering en swaarkry en lyding stap. Want die pad tot die kruis, tot die dood, tot in die graf – dis nou reeds deel van wie Hy is. Maar ook sy pad deur die dood heen, sy opgewek word uit die dood, sy troonsbestyging, sy heers as Koning tot Hy terugkom is nou reeds deel van wie Hy is. Hy kom stap immers sy Vader se versoeningspad met die mens en Hy sal dit getrou doen tot die einde toe!

“Hierdie Babatjie op Kersdag, hierdie Kersgeskenk van ons Here aan ons as mense, Hy het en is álles wat ons nodig het om vergewe te word, bevry te word, genees te word. Hy is God se vrede met ons! Hy is die Vredevors!”

Dis geen wonder dat die engele uitroep nie:

Eer aan God in die hoogste, en vrede op aarde die mense in wie God 'n welbehag het!

Hierdie Babatjie op Kersdag, hierdie Kersgeskenk van ons Here aan ons as mense, Hy het en is álles wat ons nodig het om vergewe te word, bevry te word, genees te word. Hy is God se vrede met ons! Hy is die Vredevors!

So is daar vir jou en my hoop. Maak nie saak of ek 'n Fariseër of 'n tollenaar is nie, of ek die ryk man of Lasarus is nie, of ek die owerspelige vrou of die arm weduwees is nie, daar is weer hoop vir my! **Want, die Babatjie op Kersdag is ... ons Vrede (Ef. 2:14)!**



Vrede op aarde en oorlog?

Prof. Amie van Wyk (emeritus TSP)

“Ons het vir prof. Amie van Wyk gevra hoe ons as gelowiges na oorloë, en veral die oorlog tussen Israel en Gaza moet kyk terwyl Christus se koms “vrede op aarde” aankondig. Hier volg wat hy geskryf het. (Red.)”



Die eerste eeue pasifities

Wanneer ons oor hierdie tema: “Vrede op aarde” nadink, en veral wat die Christelike standpunt behoort te wees, moet kortliks na die kerkgeskiedenis verwys word. Sonder twyfel was die boodskap van die Nuwe Testament, waarna ons binnekort gaan kyk, baie sterk deur ’n vredesboodskap gekleur. Die vroeë kerk was vir die eerste drie eeue ‘pasifities’ (vreedsaam), maar hierdie standpunt is deur die optrede van keiser Konstantyn rondom 314 n.C. verander toe die kerk op daardie stadium as meerderheidsgroep ’n staatskerk geword het. Hierna het kerkvaders teorieë ontwikkel waarvolgens Christene aan ’n oorlog mag deelneem, byvoorbeeld:

- 🌿 dat slegs ’n wettige owerheid daaraan mag deelneem;
- 🌿 dat daar ’n juiste oorsaak en regte motief moet wees; en
- 🌿 uiteindelik moet daar aanvaarbare gevolge wees.

Hierdie noue band tussen staat en kerk vind ons vandag nog duidelik tussen die Russies-Ortodokse Kerk en die Russiese staat waar die kerk die inval van Rusland in die Oekraïne ondersteun.

Jesus Christus en vrede

Die kerkvaders het egter geworstel met die duidelike gegewens in die Nuwe Testament. Die eerste, en dalk belangrikste, woord wat hier opval, is die woord van Jesus Christus in Matteus 5:9:

“Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.” (2020 Vert.)

Jesus verwys hier nie maar na mense wat bloot vreedsaam lewe nie, maar gelowiges wat doelbewus vrede máák en hulle daadwerklik daarvoor beywer. In daardie tyd was die enigste persone wat “seuns van God” genoem is, die vaandeldraers van die sogenaamde Romeinse Vrederyk, maar nou noem Jesus sý navolgers die ware vredemakers. Hulle maak vrede tussen mens en God en tussen mens en mens. Maar verwys Jesus dan nie by geleentheid na twee swaarde nie (Luk. 22:36-38)? Maar kan 12/13 manne hulle met twee swaarde teen ’n oormag verdedig? Later wys Hy pertinent na die gebruik van ’n swaard by Petrus af (Matt. 26:52). Dis opvallend dat die apostels ná die opstanding van Jesus nooit van swaarde gebruik gemaak het nie.

“Jesus verwys hier nie maar na mense wat bloot vreedsaam lewe nie, maar gelowiges wat doelbewus vrede máák en hulle daadwerklik daarvoor beywer.”

Vrede op aarde en oorlog? (vervolg)

Paulus en vrede

Ook by die apostel Paulus tref ons 'n sterk vredesboodskap aan, natuurlik binne die grense van die gemeente van Christus (2 Kor. 13:11), maar ook ver buite die grense van die gemeente. Dink aan sy woorde in Romeine 12:18:

“As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.”

Daarom kan hy ook die eienskappe van die koninkryk van God opsom as

“geregtigheid, vrede en blydschap in die Heilige Gees.” (Rom. 14:17).

Hebreërs 12:14 dra dieselfde boodskap:

“Streef na vrede met almal.”

Dus: Christene is mense van vrede, hulle bid vir vrede, hulle leef onder mekaar in vrede en hulle pleit en werk sover moontlik ook vir vrede in die samelewing. Dit beteken ook dat sinodes uitsprake ten gunste van vrede behoort te maak en dat verskillende kerkgroepe hierin ook behoort saam te werk.



“... Christene is mense van vrede, hulle bid vir vrede, hulle leef onder mekaar in vrede en hulle pleit en werk sover moontlik ook vir vrede in die samelewing.”

Israel en Gasa

Watter standpunt moet die kerk van Christus inneem teenoor die hedendaagse (onophoudelike) inval(le) van Israel in Gasa? Israel beweer hy reageer op die moorddadige inval van die Gamas-rewolsonêre Moslems in Israel in 2023. Het die volk Israel, wat in 1948 'n nuwe staat gestig het, en in 1967 vergroot het, na amper 2 000 jaar se ballingskap nog enige teologiese betekenis? Ruimte ontbreek en teoloë verskil oor hierdie onderwerp.

Wat duidelik is, is dat die volk Israel (en alle volke) net in sy ware Christusgelowiges gered word (Rom. 11:20). Die nuwe Verbond van God, die ware Israel, bestaan nou uit Jode en nie-Jode wat in Christus glo. Alle Christusgelowiges is oppad na die Nuwe Jerusalem, na die voltooide koninkryk van God (Op. 21), na die ewige Vrederyk, waarop hulle wag, ja, wat hulle selfs **“pobeer bespoedig”** (2 Pet. 3:12) en waar **“God alles in almal sal wees.”** (1 Kor. 15:28).

Christene is vredeliewende en vredemakende mense. Hulle kyk met negatiewe oë na Israel se onophoudelike en wrede aanvalle op Gasa. Hulle bid en werk vir vrede.



Kerstyd – Blydskap of hartseer?

Henriëtte Mulder

Hoe baie gebeur dit nie dat, wanneer 'n klomp mense bymekaar kom, spanning hoogty vier nie. Dis ook wanneer ons só bymekaar is dat ons dikwels dié dinge van die mense om ons onthou wat ons seergemaak het. Ons word ook daaraan herinner dat mense wat veronderstel was om by ons te wees, skielik nie daar is nie.

Tydens die Kersseisoen is hierdie herinneringe en seerkry, wat ons deur die jaar wegsluit, weer op die voorgrond en kan klein dingetjies groter gevolge hê as waaraan ons ooit kon dink. En dan net om die kersie op die koek te sit, is daar van ons wat eensaam is op 'n tyd waar die wêreld bymekaar kom. Niks hiervan is maklik om te hanteer nie, maak nie saak hoe sterk ons dink ons is nie.

In Hebreërs 13:1-6 word ons geleer om die Christelike lewenswandel te volg en hier word ons ook herinner dat God self gesê het: **“Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.”** Ook in hierdie feestyd, seertyd en saamtyd is God saam met ons. Hy gee die krag wat ons nodig het om mekaar gasvry te ontvang, en aan die armes en eensames liefde te betoon.

“... by Hom [Christus] kan ons leer om verdraagsaam, liefdevol en vergewensgesind te wees en so die vreugde van Sy geboorte uitleef en beleef.”

Hy gee die krag sodat ons ons familiestruweling, ons seer en kwaad opsy kan skuif, sodat ons die belangrikste kan onthou: Hoekom ons saamkom tydens hierdie seisoen – hoekom hierdie seisoen in die eerste plek bestaan.

Dit gaan nie oor ons nie, dit gaan oor die geboorte van ons Heiland, die verlossing vir almal wat in Hom glo, en God wat tussen ons kom woon het. Ons moet met hierdie Kersseisoen onthou dat almal nie die voorreg het om 'n gesin, 'n familie of vriendekring te hê nie. As ons saamwerk kan die Kersseisoen een van vreugde wees, waarin ons eensames deel van ons kring maak, waarin ons ons seer en kwaad teenoor geliefdes kan herken en daaraan werk om mekaar te vergeef.

Christus het ons die voorreg gegun om Sy kinders te wees, Hy het ons sonde vergewe (dit terwyl ons sy Gees nog met ons sonde bedroef) – by Hom kan ons leer om verdraagsaam, liefdevol en vergewensgesind te wees en so die vreugde van Sy geboorte uitleef en beleef.



Geloftedag

Giepie van der Merwe

(Verkorte weergawe, met vergunning, van 'n artikel deur ds. Andries Burger, gedateer 2009.)

Geloftedag is oor die jare heen en word steeds male sonder tal gruwelik misbruik vir politieke, rassistiese of ook ander ideologiese agendas. Dit het by baie, ook by vele Afrikaners en veral gelowige Afrikaners, 'n onsmaaklike en aanstootlike beeld gelaat. Die misbruik is lynreg teen die intensie van die gelofte.

Dit gaan in werklikheid oor die voorsienigheid van God, sy intieme naby wees by sy kinders en sy verhoring van gebede. Die herdenking van die Gelofte gaan om die erkenning en die verheerliking van die enige, almagtige, drie-enige God en sy barmhartige bemoeienis met nietige gelowige mense. Dit gaan oor sy onstuitbare vermoë om wondere te doen en uitkoms te gee waar dit vir ons mense onmoontlik en onhaalbaar lyk.

Die Gelofte gaan dus nie primêr oor die Voortrekkers of die veldslag nie, maar oor God wat hom in 'n bepaalde historiese konteks openbaar het. Enigeen wat van Geloftedag iets anders wil maak - 'n volksfees vir die "Volk van die Gelofte", moet liefs maar die Woord van die Here in Hosea 8 en 9 ter harte neem waar hy stel dat Efraim offers bring om hulleself te bevredig en dat hulle moet ophou daarmee. In Jesaja 1 verklaar die Here dat Hy 'n afsku het in Israel se feesdae en dat Hy moeg is daarvoor. Hy vra liefde en nie offers nie.

"Die herdenking van die Gelofte gaan om die erkenning en die verheerliking van die enige, almagtige, drie-enige God en sy barmhartige bemoeienis met nietige gelowige mense."

Wanneer God, sy verhoring van gebede en sy barmhartige genade nie suiwer en opreg herdenk word nie, dan sal dit gepas wees om enige vorm van openbare herdenking te staak. Laat die opregtes dit dan liewer herdink as deel van eredienste op die eerste Sondag na 16 Desember ...

... waarom sal ons dit dan wel doen?

As jy gebonde voel deur die gelofte is dit goed. Pasop egter om dit bloot as wettiese plig te wil nakom, veral as die res van jou lewe nie van dieselfde liefdesywer vir Hom brand nie. God haat sulke wettiese pligpleging.

Uiteindelik kom ons almal saam in erediens aan die Enige God omdat ons wil. Omdat ons graag nóg 'n geleentheid gebruik om God se hand spesifiek in ons geskiedenis en die geskiedenis van ons land te gedenk. Om Hom te loof vir die onverdiende genade wat Hy steeds vandag nog gee, vir die uitkoms wat Hy gee - hetsy in verhoring van gebede deur omstandighede te verander of in die vrede wat Hy bring deur ons te verander binne onveranderde omstandighede.

Gebedsversoeke

Carina Pyper

“Lei my - na waar ek rus vind”

Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. (Joh. 14:27 - Afr53)

Vrede is 'n vrug van die Gees. Kom ons soek ons vreugde en vrede in die Woord en in gebed. Dis daar waar ons ons rus kan vind.

Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. (Matt. 11:28)

Ons gebed

Ons Vader wat in die Hemel is, ons dank U dat U ons eerste liefgehad het, sodat elkeen van ons wat glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

U het ons hart tot U geskape en ons weet dat daar vir ons net een rus in hierdie wêreld is en dis by ons Here Jesus Christus. Ons bid U om u Heilige Gees dat dié ons oë sal oopmaak om u hand altyd in ons lewe te sien. Leer ons dan om niks te wees nie, sodat U alles vir ons sal wees. Maak ons siel stil tot God en skenk ons die genade om die goeie stryd van die geloof te stry, om te gryp na die ewige lewe, sodat die lewe vir ons altyd meer en meer sal word in Christus en die sterwe 'n wins.

Amen

* **Gebed geneem uit die Abba Vader Gebedsbundel (deur Coenraad Mel)**

Só beleef ons weer die Kersgebeure

Rika du Plessis




Op 30 November tydens die Kersproduksie het 'n groep van ons lidmate hul akteursvernuf ingespan om die gebeure rondom Kersfees op te voer. Toneelspel is met samesang afgewissel en ons kon herinner word hoe die beloftes wat die Here deur die profete Moses, Daniël en Jesaja gemaak het, gestalte gevind het.

Ons lidmate van jonk tot oud het deelgeneem, met ons jongste deelnemer wat 6 jaar oud was en die oudste 'n flinke 90 jaar. Kostuums en dekor is deur ons talentvolle gemeentelede gemaak om tot die atmosfeer op die verhoog by te dra. Dankie aan Patrys en elke lidmaat wat hierdie produksie moontlik gemaak het, en veral aan Gerda en Dirk wat werklik geen steen onaangeraak gelaat het om alles in mekaar te laat vloei nie.



'n Nuwe Jaar: Geloofsgroei!

Ds. Pieter Kurpershoek



'n Nuwe kerklike jaar! Met die eerste Adventsondag, 30 November het ons begin voorberei vir ons Here Jesus wat (terug)kom. Eerlik het die vraag vanuit Eksodus 19 gekom:

Is jy gereed om die Here Jesus te ontmoet?

Maar ook 'n nuwe kalenderjaar! Met die eerste Adventsondag het ons ook die eerste treë gegee in ons bedieningsfokus vir 2026. In die nuwe jaar wil ons naamlik, as die Here dit vir ons gee, as gemeente en as gelowiges eerlik stilstaan by die vraag:

Waar staan ek regtig met die Here Jesus?

Jy en ek is in Christus geheilig, eenkant gesit. Jy en ek hét al ons geloof in ons Here Jesus bely. Jy en ek lééf met die wete dat ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort. En tog, tog moet ons as gelowiges altyd weer eerlik nadink oor ons saam-leef met Jesus. Soos Paulus in 2 Korintiërs 13:5 stel:

Ondersoek julleself of julle in die geloof is.

Daarom gaan ons met ons geloofsvoeding (prediking en huisbesoek deur ouderlinge) 'n doelbewuste pad stap: **1** Die eerste kwartaal kyk ons saam met mekaar na Jesus sodat ons opnuut weer sal raaksien hoe besonders Hy is. Juis met die Stille Week mag ons saam beleef hoe goed Hy vir ons is en hoe aangrypend dit is om saam met en uit Hom te leef.

2 Gedurende die tweede kwartaal gaan ons, in aanloop tot Pinkster, eerlik vir onself vra:

Hoe gaan dit met my persoonlike saam-leef met die Here?

3 In die derde kwartaal gaan ons saam met mekaar besin oor die vraag of ons hele lewe aan Jesus oorgegee is. Ons gaan mekaar help om 'n konkrete geloofsgroei-plan op te stel en mekaar daarin bystaan.

4 Met die vierde kwartaal kom die eerlike vraag:

Hoe vorder my geloofsgroei?

Intussen gaan ons al meer diensbaar word aan mekaar (met die gawe-kursus wat gereeld aangebied gaan word), al meer vrymoedig en opgewonde word om met mense oor Jesus te gesels, terwyl ons ook saam met mekaar gaan kuier met KKNK, potjiekosdag, nagmaletes, gemeente-kamp, laerskool-kinders-kuiers, hoërskool-kinders en studente se saam-met-mekaar-kuier, en nog baie meer.

Kom ons bid dat 2026 'n jaar sal wees waarin ons Here deur sy Gees en sy Woord ons al meer sal laat leef, met lus in die hart:

Ek het die Here en my naaste van harte lief!

Kerklike vergaderings van die GKSA

Johan Potgieter



Elke gemeente is 'n selfstandige kerk wat in gehoorsaamheid aan die Koning van die kerk Sy Woord verkondig en alles wil doen waarvoor Hy sy kerk wil gebruik. Elke gemeente staan daarom bekend as "Die Gereformeerde Kerk ...". Die kerke saam is as Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) een in kerkverband, en vergader saam in meerdere vergaderings om mekaar by te staan in die vervulling van die kerk se roeping.

Mindere vergaderings vaardig predikante en ouderlinge af na meerdere vergaderings. Hierdie afgevaardigdes ontvang van die vergadering wat hul stuur, 'n kredensiebrief (geloofsbrief), as bewys van hul afvaardiging.

Klassis:

'n Klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling afvaardig (KO, art. 41). Hierdie kerke word verteenwoordig deur hul kerkrade, wat bestaan uit die ouderlinge en predikant van elke gemeente. Ons gemeente is deel van Klassis Trans-Magalies saam met nege ander gemeentes noord van die Magaliesberg.

Die verantwoordelikhede van die Klassis behels onder meer klassikale ramings, sustentasie, visitasie, emeritering, eervolle versorging van predikante en emeriti.

Streeksinode:

Die Streeksinode is 'n vergadering van naburige Klassisse waarheen elke Klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig. Streeksinode Pretoria bestaan uit vier klassisse in die Pretoria en omgewing.

Die verantwoordelikhede van die Streeksinode behels onder meer Streeksinode-ramings, sustentasieterugrapportering oor toekennings, beroepbaarstelling van proponente, versorging van emeriti, Christelike onderwys, Transoranje Instituut, beskrywingspunte, beswaarskrifte, en appèlle.

Streeksinode Pretoria het op **25 November 2025** vergader en ds. Kurpershoek en ouderlinge Hannes Venter, Danie Smit, Gerhard van Pletzen en Johan Potgieter was afgevaardig.



Van links: Ouderlinge Gerhard van Pletzen, Johan Potgieter, Danie Smit en ds. Pieter Kurpershoek



Ouderling Hannes Venter was ook daar.

Algemene Sinode:

Die Algemene Sinode is 'n vergadering van al die Streeksinodes waarheen elke Streeksinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig. Die Algemene Sinode vergader elke drie jaar tensy daar ingevolge die Kerkorde, Art. 50 besluit word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

Die verantwoordelikhede van die Algemene Sinode behels onder meer deputate-rapporte, beskrywingspunte, beswaarskrifte, appèlle en ramings.

Die volgende Algemene Sinode vergader gedurende **Januarie 2026** en ds. Kurpershoek (primus) is afgevaardig saam met ouderlinge Gert Britz en Hannes Venter as sekundi.

Drie ouderlinge bevestig

Johnny Beumer

Op Sondagand, 30 November 2025, is broeders **Jan Minnie, Tienie van der Walt en Gerhard van Wyk** in die amp van ouderling bevestig. Dit was 'n mooi geleentheid en ds. Kurpershoek het in sy prediking op die taak van die ouderling gefokus.

By dieselfde geleentheid is eervolle losmaking uit die amp van ouderling gegee aan br. Koos Vierbergen en uit die amp van diaken aan br. Paul Kruger en sr. Andrie Beumer.

Ons bid ons nuwe ouderlinge die seën van ons Here toe op hul ampswerk.



Van links na regs: Jan Minnie, Tienie van der Walt en Gerhard van Wyk.

Pret met versiering van koekies

Rika du Plessis

Die katkisasie-afsluiting het vanjaar gesorg vir groot pret vir jonk en oud. Die kinders het op **Sondag, 16 November**, na die erediens in die saal bymekaar gekom om heerlike kersfeeskoekies te versier.

Elkeen het 'n paar koekies versier wat aan die President Kruger kinderhuis geskenk is, en almal kon ook 'n paar van hul kunswerke huis toe neem. Dit was egter nie net ons kinders wat hierdie geleentheid geniet het nie.

Verskeie kerkraadslede het ook 'n draai kom maak en hul kreatiwiteit kom wys terwyl ander hulself as proefkoenynne beskikbaar kom stel het om te toets of die koekies darem van goeie gehalte was.



Spaarblikkieprojek vir evangelisasie

Johnny Beumer

Die eerste vyf spaarblikkies wat ingehandig is, is oopgemaak en die geld is getel. Daar was ook 'n aparte koevertjie (nie in blikkie nie) met geld in waarop geskryf was "Spaarblikkieprojek". Altesaam **R3 313.90** is getel en gebank. Ons is baie dankbaar vir hierdie bydraes.


Daar is nog baie blikkies uitstaande en ons doen 'n beroep op ons lidmate om hard te spaar en die blikkies by ons kerkkantoor in te handig wanneer dit vol is.

Lidmate wat nie blikkies ontvang het nie, kan hul blikkies by die kerkkantoor gaan afhaal. Ook diegene wat reeds blikkies ingehandig het en met 'n nuwe blikkie wil begin spaar.

Ons doen 'n beroep op ons lidmate om asseblief nie 5c, 2c en 1c stukke in die spaarblikkies te gooi nie. Die banke neem nie meer hierdie geldstukke in nie en sulke geldstukke is dus waardeloos vir die doel van die projek.




Alle gelde wat op hierdie manier gespaar word, gaan aangewend word vir projekte soos:



Aankoop van Bybels vir Bybelverspreiding



TOPIA "Training of Pastors in Africa"



Uitreike na die buiteland



Evangelisasie in eie omgewing



En nog baie meer ...



Ons nuwe redakteur

Johnny Beumer



Sr. Magda du Toit



Vanaf Januarie 2026 neem sr. Magda du Toit die leisels as redakteur oor by oudl. Johnny Beumer. Ons sien uit na volgende jaar se uitgawes van ons Fontein-maandblad.

Magda se kwalifikasies en ondervinding maak haar uiters bekwaam en sy gaan 'n groot bydrae kan lewer om die kwaliteit van ons blad tot nuwe hoogtes te bring. Magda is 'n vryskut joernalis en kommunikasiekonsultant wat hoofsaaklik binne die landbou-omgewing werk. Behalwe die Landbou-vrouedagboek wat sy al vir bykans 20 jaar skryf en uitgee, het sy ook al 'n paar kortverhale en gedigte geskryf.

Magda het 'n vierjaar-graadkursus in Kommunikasiekunde aan die Noord-Wes Universiteit behaal asook 'n nagraadse diploma in Bemerkingsbestuur aan UNISA.

Sy het haar loopbaan begin as joernalis by 'n plattelandse koerant in Warmbad en daarna was sy joernalis by die Departement van Landbou waar sy later ook die verantwoordelikheid van redakteur van die departement se weeklikse nuusblad op haar geneem het en ook gesorg het vir die nuusbrokkies op die departement se radioprogram "Landbounuus". Oor die jare het sy haar kommunikasiekennis in die landboubedryf aangewend en o.a. gedien as bestuurder: Korporatiewe Skakeling en Kommunikasie by 'n internasionale landboumaatskappy. Sy is steeds betrokke by Landbouskrywers SA en dien tans op die presidium van die Internasionale Federasie vir Landboujoernaliste.

Ons is dankbaar dat Magda ingestem het om die verantwoordelikheid van ons maandblad se redakteurskap op haar skouers te neem.

Magda, ons hele redaksiespan sien uit na jou leiding volgende jaar en onderneem om ons volle gewig in te gooi om jou te ondersteun in jou taak.

Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde November, word hieronder uiteengesit. Alle syfers is in Rand.

	Novemember 2025		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentatie Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Studentopleiding: kostes	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir November 2025, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir November 2025 was ** minder as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaat bydraes. Ons versoek asb. die gemeente lede om getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas.

Instandhoudingsfonds	November 2025	Jaar tot datum
Spandeer	**	**

Die bate-instandhoudingsfonds het ** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

Diakonie

Nasionale Diakonale Kongres (Deel 2 – Diakens in die eerste gemeentes)

(Opsomming van 'n gesprek met prof. Albert Coetsee, dosent Ou Testament te Teologiese Skool, Potchefstroom.)

Die Griekse woord diakonos beteken dienaar. In Hand. 6:1 lees ons dat die Griekssprekende gelowiges teenoor die apostels gekla het dat hulle weduwees afgeskeep is in die daaglikse versorging. Die apostels gee toe te kenne dat dit nie hulle is wat na die versorging moet omsien nie, maar dat die werk gedeel moet word. Daar is sewe manne gekies vir hierdie taak. Hulle was Stefanus, Fillippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus. (vgl. Hand. 6:5). Reeds hier is daar duidelik onderskeid getref: Die apostels was verantwoordelik vir die prediking en gebede en die sewe ander vir die versorging en instandhouding van die gemeente.

Die 1933-vertaling verwys nie na diakens nie, maar verwys na “die sewe”. In die vroeëre fase van die kerk se ontwikkeling was hierdie sewe manne soos “proto-diakens”. Ongeveer 61 n.C. sien ons dat die diakens 'n vasgestelde diens aan die kerk gelever het, soos omskryf in die briewe van Paulus in die Nuwe Testament. (vgl. Filip. 1:1). In 1 Tim. 3:8 – 13 word die karaktertrekke van die diaken omskryf, maar nie wat die diakens moet doen nie. Diakens moet mense wees wat voorgaan in die gemeente, wat lei en begelei, hulle moet onberispelik wees, moet goeie karakter hê en hulle moet betroubaar wees.


Kerkorde, Art. 25 omskryf die rol van die diaken so: om die gemeente te lei in hulle eenheid en die onderlinge beoefening van die liefde. Die rol van die diaken fokus op twee dinge, naamlik die toerusting van die gemeente om hulle gawes te gebruik en die versorging met die middele wat hulle nodig het. Baie belangrik is dat die diakens ook die evangelie van Christus tydens die versorging van hulpbehoewendes moet bedien.

Die diakonie is 'n vroeë Christelike gebruik wat die Here in Sy Woord vir ons gee en is ook so bedoel vir die kerk van alle tye. Die diakonie moet egter hande vat en saam met liefdadigheidsorganisasies werk vir barmhartigheid.

In deel 3 (Januarie 2026) kyk ons na die rol van die diaken tydens samewerking met ander barmhartigheidsorganisasies.

Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Kommissie verdeel in twee aparte kommissies



Die Kerkraad het tydens sy vergadering op **29 Oktober 2025** besluit dat die **Staaende Administrasie en Kommunikasiekommissie** voortaan as twee aparte kommissies gaan funksioneer, nl. die

- **Administrasiekommissie** en die
- **Kommunikasiekommissie.**


Oudl. Johan Rossouw het ingestem om vir die volgende drie maande as voorsitter van die Administrasiekommissie in te staan terwyl oudl. Johnny Beumer as voorsitter van die Kommunikasiekommissie aan die Kerkraad sal terugrapporteer.

Die Administrasiekommissie vervul 'n belangrike rol. Slegs 'n paar van die kommissie se verantwoordelikhede wat as voorbeeld genoem kan word is die aanstelling van en toesig hou oor personeel, opstel van kontrakte bv. personeel- en verhuringkontrakte, verkryging van kantoormeubels en elektroniese toerusting, versekering van geboue en hul inhoud, verkryging van munisipale goedkeurings en voldoening aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Die kommissie se huidige lede is broeders Johan Rossouw, Petri Venter, Dirk Theron en Thomas Venter.

Die administrasiekommissie het heelwat raakpunte met ander kommissies en gereelde skakeling en samewerking met hierdie kommissies is van kardinale belang.

Die Kommunikasiekommissie is weer verantwoordelik vir die saamstel en gereelde hersiening van die kerk se kommunikasiebeleid asook die toesig oor die gemeente se verkillende kommunikasieplatforms soos ons gemeente se webwerf, die Fontein maand- en weekblaaie, die skyfies op die skerms voor in die kerk, kommunikasie via die WhatsApp en Googlegroepe, afkondigings vanaf die kansel, die gemeente se Facebook blad, ens. Dié kommissie bestaan tans uit drie lede nl. br. Johnny Beumer, sr. Magda du Toit en sr. Henriëtte Mulder.

Hierdie twee kommissies se werk vind gewoonlik so stil-stil agter die skerms plaas, maar hierdie werk is noodsaaklik en kan beskou word as die olie om te verseker dat alles binne die gemeente glad verloop.



Dit Borrel in my!

In die September-uitgawe van Die Fontein het ons begin met hierdie nuwe rubriekartikel. As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid! Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydraes wat deur van ons lidmate ingedien is:

Baie keer as ek die die woorde in die kerk hoor dat ons nie die Here se Naam ydelik moet gebruik nie, dink ek terug aan 'n situasie wat jare gelede plaasgevind het.

My direkte senior by my werk het bykans in elke gesprek die Here se Naam verskeie kere as stopwoord gebruik, en soms selfs as vloekwoord.

Dit het my telkens soos 'n dolk getref. Vir weke het ek stilgebly tot ek op 'n keer besef het dat ek self skuldig is as ek nie met haar daaroor praat nie. Ek het toe vir haar gevra of sy besef dat sy die Here se Naam as 'n skeldwoord gebruik. Sy het dit heftig ontken. Vir haar het dit so 'n gewoonte geword dat sy dit nie eers meer agtergekom het nie. Ek vra haar toe of ek haar, wanneer sy dit weer doen, daarop kan wys. Sy het ja gesê, want het sy gesê: "Ek doen dit nie". Later in die dag toe dit weer gebeur wys ek haar toe daarop. Sy het omgedraai en my gevloek. Het my vermaning gehelp? Ek weet nie. Maar wat belangrik was, is dat ek wel opgekom het vir die heiligheid van God se Naam.

Instrument in die hand van die Here: Die afgelope 17 jaar doen ek jaarliks 'n dagboek met weeklikse geestelike boodskappe spesifiek vir vroue in die landbou-omgewing. Dit is nie maklik om elke jaar met 'n nuwe tema en 52 nuwe boodskappe vorendag te kom nie. Tog, deur die werking van die Gees vind ek elke jaar weer opnuut inspirasie om hierdie taak aan te pak. Ek kan werklik getuig dat die Heilige Gees my gedagtes op 'n dag oopmaak en dan val die hele dagboek as't ware voor my oop en ek weet wat om te doen. Die terugvoer uit alle oorde is eintlik wat mens klein laat voel. En baie dankbaar.

Van die terugvoer wat ek ontvang lui so: "Ek gebruik hierdie boodskappe om in ons personeelkamer te open op 'n Maandag." "Ek gebruik jou dagboek om ons vergaderings te open." "Vandag was jou weeklikse boodskap net vir my bedoel." "Jy besef nie hoeveel pitkos ons uit die dagboek kry nie."

Maar, dit gaan nie om my nie. Om te hoor hoeveel hierdie boodskappe in die dagboek vir mense wat ek nie eers ken nie, beteken, is 'n getuigskrif dat die Here my gebruik as 'n instrument om ander mense se harte en lewens aan te raak. En dit is eintlik hoekom elkeen van ons geplaas is waar ons is – om die koninkryk van die Here te bevorder. Om Sy Naam uit te dra.


Blokraai Desember 2025

- ✦ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ✦ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- ✦ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- ✦ Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- ✦ Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aanbring is.
- ✦ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte
blokkiesraaisels:

Cobie Plomp

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

1. Een van die goed-voel-hormone. (uit: Ons innerlike vrede en vreugde kom van God)
2. Hierdie koning was ontsteld oor Jesus se geboorte. (uit: Hoërskoolrubriek)
4. 'n Vergadering van naburige klassisse word so genoem. (uit: Kerklike vergaderings van die GKSA)
5. Een van die sewe manne (se naam) wat aangestel is vir die versorging en instandhouding van die eerste gemeentes. (uit: Diakens in die eerste gemeentes)
6. Die spaarblikkieprojek gaan vir hierdie doel aangewend word. (uit: Spaarblikkieprojek vir ...)
7. 'n Palestynse militante groep. (uit: Uit die pen van die redakteur)
10. 'n Voëlspele genoem in Voëls vir die kostafel. (uit: Voëls vir die kostafel)
12. 'n Vrug van die Gees. (uit: Gebedsbediening)
15. Sy hand word in ons land se geskiedenis op 16 Desember gedenk. (uit: Geloftedag)

Leidrade - Dwars:

3. 'n Ander woord vir geloofsbrief. (uit: Kerklike vergaderings van die GKSA)
8. 2026 se potjiekoskompetisie is ten bate van hierdie bediening. (uit: Potjiekoskompetisie)
9. Een van die goed-voel-hormone. (uit: Ons innerlike vrede en vreugde kom van God)
11. Ons nuwe redakteur het haar loopbaan in hierdie beroep begin. (uit: Ons nuwe redakteur)
13. Ds. Christie se van. (uit: Ons innerlike vrede en vreugde kom van God)
14. Skrywer van Kerstyd – Blydschap of hartseer se naam. (uit: Kerstyd – Blydschap of hartseer)
15. Hierdie internetplatform (een van die drie) word gebruik om met die gemeente te kommunikeer. (uit: Kommissie verdeel in twee aparte kommissies)
16. Op 16 Desember gedenk ons nie net versoeningsdag nie, maar ook ... (uit: Artikel met dieselfde titel)

Het jy geweet?

Gerhard van Staden

**Vrede is baie meer
as die blote
afwesigheid van
konflik.**

**Dit gaan om die
ervaring van God se
seën, beskerming,
redding en genade.**

**Vrede is om in
harmonie met die
Here en die
medemens te lewe.**

Bronnelys:

Van der Watt, Jan et al.
Die Bybel A- Z. Christelike
Uitgewersmaatskappy.
Vereeniging. 2023

Briewekolom



*Hallo Ds Attie,
Hierdie jaar was ek baie geraak deur 'n nota van
'n meisie in die tronk wat gesê het dat dit baie goed
met haar gaan want die Here gee vir haar altyd alles wat sy
nodig het. Dit het my nogal geraak om so iets te hoor van
iemand in die tronk wat so pas begin het met die Crossroads
kursus oor Great Truths of the Bible.
Groete, Andries*

*Hallo Andries,
Hierdie meisie wat deur die gevangenis bediening bereik is, het 'n pragtige
dog beskamende getuigenis gelewer. Hoe sy in moeilike omstandighede wat
voel soos 'n donker kloof, nogtans so vergenoegd en dankbaar is laat
mens dink aan Ps 23. "Niks sal my ontbreek nie." 'n Eenvoudige lewe,
karige versorging, gebrek in baie opsigte is haar seën. In Hebreërs 3: 3
leer die Here ons hoe ons aan mense moet dink: "aan die gevangenes
asof julle self gevangenes is en aan die wat mishandel word, asof jyself
mishandel word". Klim in hulle skoene. Dink hoe jyself in sulke
omstandighede sou gevoel het, en ons sal met 'n gees van ware omgee
vervul word. Laat al jou hulp en al jou gebede uit so 'n hart vloei.
Groete, Attie*

Diere en voëls van die Bybel



Voëls vir die kostafel (Deel 8)

Gerhard van Staden

In hierdie aflewering kyk ons spesifiek na die voëls wat deur die Israeliete geëet kon word. Hierdie voëlgroep bestaan hoofsaaklik uit hoenders, patryse, fisante, poue en kwartels. Vir die doeleindes van hierdie artikel fokus ons op die patryse en kwartels.

Patryse is klein tot middelgroot hoenderagtige voëls. Die patryse wat in die Beloofde Land beskryf is, bestaan uit drie spesies, naamlik die rotspatrys, woestynpatrys en swartpatrys. Al drie spesies is eetbaar. Patryse was wilde voëls teenoor hoenders wat getem was. In Ps. 91:3 lees ons van die voëlvanger, wat impliseer dat hierdie voëls gejag en in wippe gevang is. In 1 Sam. 26:20 word 'n vergelyking getref met Saul wat Dawid agtervolg het: **“... om een enkele vlooi te soek soos 'n mens 'n patrys in die berge agtervolg”**.

Die baie klein, kwartelagtige voëls was volop, veral tydens hulle seisoenale migrasies. Van al die voëls wat geëet was, is hulle die heel kleinste. Dit is alombekend dat hierdie tweejaarlikse migrasie plaasgevind het tydens die Israeliete se uittog uit Egipte. Die kwarteltjies was dan ook die hoofbron van vleis wat God aan hulle beloof het.



Die kwartels het in ongelooflike groot swerms voorgekom. In Num. 11.13 lees ons: **“Die Here het toe 'n wind gestuur en dit het kwartels van die see se kant af aangebring en hulle rondom die kamp laat val.”** Verder aan in vers 32 lees ons: **“Die volk het daardie hele dag en die hele nag en ook die volgende dag uitgegaan en kwartels bymekaargemaak.”** Eeue later het Herodotus* verslag gedoen dat die Egiptenare steeds kwartels skoongemaak en in die son uitgedroog het.

'n Fasinierende aspek van die kwartelmigrasie is dat dit al voor die tye van Moses opgeteken is en dit so aangehou het tot in 1920. Gedurende 1920 het die Egiptenare 3 miljoen kwartels gevang om uit te voer. Dit was die omkeerpunt vir die kwartels deurdadig hulle broeisiklus totaal verwoes het en 105 jaar later kon dit steeds nie omgekeer word nie!

In die volgende uitgawe (Januarie 2025) sluit ons die reeks af en kyk ons na die klein voëltjies, spesifiek die swaeltjies en die mossies.

*Herodotus was 'n Griekse historikus en aardrykskundige

Bronnelys:
Cansdale, George. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House. 1970.

Tienerfokus

Hoe goed ken ons Jesus se kinderjare?

Henriëtte Mulder

Meeste van ons ken die verhaal van Jesus se geboorte, maar die vraag is hoe goed ken ons dit? En hoeveel detail van Jesus se kinderlewe ken ons?

Jesus se kinderjare_vrae.txt

File Edit View Help

1. Wie het vir Josef gesê dat hy nie die verlowing met Maria moet verbreek nie?
(Mat. 1:20)
2. Watter koning was ontsteld oor die geboorte van Jesus en wie het by hom gaan hoor waar Jesus gebore is? (Mat. 2:1-3).....
3. Hoe het die sterrekykers geweet dat Jesus gebore is en hoe het hulle by Jesus uitgekom? (Mat 2:2; Mat. 2:9)
4. Wie was die groep mense wat deur 'n engel van die Here vertel is van Jesus se geboorte?
(Luk. 2:8-12)
5. Waarheen het Josef, Maria en Jesus gevlug sodat Herodus Jesus nie doodmaak nie?
(Mat. 2:13-14)
6. Daar was twee mense by die tempel wat God geloof en prys het vir Jesus se koms. Wie was hulle?
(Luk. 2:25-39)
7. Hoekom het Josef, Maria en Jesus teruggegaan Israel toe?
(Mat. 2:19-20)
8. Hoe oud was Jesus toe Hy alleen by die tempel agter gebly het?
(Luk. 2:41-43)
9. Waar het Josef en Maria Jesus drie dae later gekry?
(Luk. 2:46)
10. Waaroor was die mense verbaas toe hulle Jesus by die tempel hoor praat het?
(Luk. 2:47)

Ons kan saam met die engele in Lukas 2:14 prys: **“Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ’n welbehoe het!”** Dankie Vader dat U U enigste Seun gestuur het om ons Verlosser te kom wees.

Antwoorde:

1. 'n Engel van die Here.
2. Koning Herodus en sterrekykers uit die ooste.
3. Hulle het Jesus se ster sien opkom en die ster het hulle na Jesus in die krip gelei.
4. Skoapwagters
5. Egipte
6. Simeon en Anna
7. 'n Engel van die Here het in 'n droom aan Josef verskyn en gesê dat hulle moet teruggaan Israel toe.
8. 12 jaar
9. Die tempel
10. Jesus se insig en antwoorde

'n Seun, 'n sandkasteel en 'n seerowerskat

Nicola du Plessis

Toe ons verlede week see toe vertrek, het ek nooit gedink ek gaan die nuus haal nie. Wat nog te sê van die voorblad?

Hier sit ek nou met my tone in die sand. Ek kyk weer na die artikel in my hand.

Spesiale Uitgawe

Suid Afrika

Jou Nuus - Daaglik

SEUN (12) VIND EEUE OUE SKAT.

Irene Cronje

Kaapstad - Op Maandag 13 Desember het 'n jong seun (12) 'n eeue oue skat gevind wat volgens berigte, vermoedelik aan die berugte seerower kaptein, Kaptein van Wagenaar, behoort het.

"Ek was besig om 'n sandkasteel te bou toe my grafie iets hard onder die sand tref. Ek het oopgegrou en tot my verbasing 'n skatkis gevind! Net soos die wat jy in films sien."

"Toe my seun vir my sê dat hy het 'n skatkis gevind het, het ek eers gedink sy verbeelding het met hom weggehol, maar toe ek gaan kyk, het ek dit met my eie twee oë gesien," sê die seun se ma, Elize Kroukamp.

Die Kroukamp gesin het dadelik lewensredders nader geroep en vir hulle die ontdekking gewys. Die lewensredders het toe die nabygeleë museum gekontak wat die skatkis kom haal het.



"Dit is 'n groot ontdekking vir ons, as argeoloë. Die afgelope paar jaar het ons gedink dat ons alreeds al die skatte van seerowers hier in die Kaap gevind het, en hier vind iemand toe sowaar nog iets." het die Kaapse argeoloog Basjan Grobelaar gesê. Hy het verduidelik dat die skat nou in die Middelmas Museum bewaar sal word en dat die Kroukamp gesin lewenslank gratis toegang tot die museum sal kry.

Te danke aan hierdie jong seun, van Pretoria, het die geskiedenis van seerowers langs die Suidkus van Afrika 'n tikkie duideliker geword.

Vakante pos beskikbaar

Argeoloog Assistent
Kontak Middelmas Museum vir meer inligting.

Moeg vir sonbrand!?

Hierdie vakansie, probeer ons nuwe sonbrandroom om eina sonbrand-pyne te vermy!



"En as jy so sit en koerant lees?" vra my ma toe sy langs my en my pa op die strand kom sit. Ek gee die koerant vir haar. "Ek het sowaar die voorblad gehaal." Met 'n trotse glimlag lees sy die berig.

Ek staan op en loop na wat oor is van my sandkasteel. Na eergister se aksie is daar nie veel van hom oor nie. Ek begin weer van voor af bou, hierdie keer hoop ek sowaar ek vind nie weer iets voordat my kasteel klaar is nie.

Kleuterpret

Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



Jongmensjolyt

Woordsoek

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak.

Vind die vetgedrukte woorde in hierdie versie:

“Moet oor niks **besorg** wees nie, maar maak in **alles** julle **begeertes** deur **gebed** en **smeking** en met **danksegging** aan God bekend. En die **vrede** van God wat alle **verstand** te bowe gaan, sal oor julle **harte** en **gedagtes** die wag hou in **Christus Jesus.**”

Filippense 4:6-7

C	V	Z	J	A	L	L	E	S	A	Z	H	J	S
Q	H	R	Z	O	Q	M	J	F	J	J	H	P	R
X	G	R	E	E	Q	V	N	N	X	A	D	U	D
A	U	W	I	D	Z	O	Z	A	R	C	I	A	S
G	C	G	K	S	E	L	U	T	G	D	N	F	Q
E	O	F	B	B	T	H	E	V	F	K	J	S	Z
D	J	O	J	E	Y	U	E	I	S	F	X	M	G
A	E	Y	N	K	S	R	S	E	G	E	B	E	D
G	S	A	K	R	S	O	G	X	W	Q	O	K	L
T	U	T	T	T	X	G	R	R	A	A	B	I	D
E	S	K	A	I	I	V	X	G	I	R	V	N	W
S	G	N	B	N	E	A	H	H	Y	T	V	G	L
Q	D	T	G	O	Y	A	H	V	X	J	U	F	J
F	B	B	E	G	E	E	R	T	E	S	A	S	X



Blokadvertensies

Geseënde Kerstyd!



*Die redaksiekomitee wil graag vir
ieder en elke leser 'n Geseënde
Kersfees en 'n voorspoedige
Nuwejaar toewens!*



KERSLIEDERE BY KERSLIG

24 Desember 2025

om 18:30

op die grasperk voor die kerkgebou



Dit is amper weer tyd vir ons jaarlikse Kersliedere by Kerslig geleentheid op Oukersaand.



Bring jou piekniek mandjie, familie en vriende en
ontferm jou ook oor eensames wat Kersfees alleen by
die huis is deur hulle saam te nooi. Kom sing saam
met medegelowiges tot lof van ons Here!



Pos beskikbaar – Terreinwerker

Datum van diensaanvaarding:
2 Feb 2026

Aansoeke word ingewag voor
23 Jan 2026 by **kerkkantoor@annlin.co.za** of in te dien by die kerkkantoor
hokkie in die konsistorie.



Klik asb. op die advertensie om die posbeskrywing en vereistes vir die
aansoek te sien.

GELOFTEDIENS

DINSDAG; 16 DESEMBER 2025 OM 8:00

ALMAL WELKOM!

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN
H/V BRAAM PRETORIUS EN KANEELBASLAAN

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie,
angsversteuring of verslawing?
Die Terebinte Diensgroep wil jou graag
bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

POTJIEKOS

KOMPETISIE

TEN BATE VAN TOPIA-BEDIENING

14 FEBRUARIE
2026
9:00 – 14:00

INSKRYWINGS @ R120pp
KINDERS <12 R50 KINDERS <3
GRATIS | 8 ETES PER SPAN

KONTAK (012) 567 1492



INSKRYWINGS EN BESPREKINGSVORM



KOM NEEM DEEL – DIT IS VIR 'N VERDIENSTELIKE SAAK

Die kerkraad het goedgekeur dat die opbrengs van die 2026 potjiekoskompetisie ten bate van die TOPIA-bediening sal gaan. TOPIA staan vir "Training of Pastors in Africa". Die opleiding van predikante in Afrika deur sendeling ds. Johannes Aucamp is een van ons gemeente se evangelisasie-fokusprojekte en ons wil graag help verseker dat TOPIA finansieel volhoubaar bly.

Lidmate word aangemoedig om familie/vriende te nooi om op die dag gesellig saam te verkeer. Die reëls en beoordelingskriteria vir die kompetisie sal mettertyd met u gedeel word.

Vir verdere inligting kan u intussen vir **oudl. André Beetge (082 467 4523)** of **oudl. Johan Potgieter (082 770 4262)** kontak.

Spaarblikkieprojek

Daar is nog baie blikkies uitstaande en ons doen 'n beroep op ons lidmate om hard te spaar en in die nuwe jaar die blikkies by ons kerkkantoor in te handig wanneer dit vol is.

Lidmate wat nie blikkies ontvang het nie, kan hul blikkies by die kerk se deure gaan afhaal. Ook diegene wat reeds blikkies ingehandig het en met 'n nuwe blikkie wil begin spaar.

Ons doen 'n beroep op ons lidmate om asseblief nie 5c, 2c en 1c stukke in die spaarblikkies te gooi nie. Die banke neem nie meer hierdie geldstukke in nie en sulke geldstukke is dus waardeloos vir die doel van die projek.



Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

AFSKOPKAMP 2026

Kom ervaar 'n kamp vol pret, aanbidding, nuwe vriende en betekenisvolle oomblikke saam met God.

Elandsfontein Kampterrein, Fochville

27 - 30 Januarie 2026

Prys: R650

Kamp is vir almal - Back-a-Buddy
Help iemand om te kan kamp!

Enige vrae, Kontak gerus:
Marete du Plessis
082 874 9145

eerstejaars_afskopkamp and 2 others
Pretoria, South Africa

EERSTEJAARS-AFSKOPKAMP

Gereformeerde Kerk Brooklyn & Hervormde Kerk Philadelphia - Pretoria

17 - 21 JANUARIE 2026

DIE BESTE BEGIN VIR JOU STUDENTELEWE!

083 382 7832
064 272 1699
@eerstejaars_afskopkamp

Graai in Geliefde
Maak nuwe vriende
Sien wat belêke studenteas
Studierigting: gesproke
Dokkie & kuis

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

